

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

21 NOVEMBER 2025 - JAARGANG 57-1703

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

19 November 2025 - 86.84%

19 November 2024 - 97.99%

Reënval vir die week:
Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Vyf persone ernstig beseer



'n Taxi en 'n bakkie was Vrydag, 14 November in 'n ongeluk betrokke. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

LEES BINNE:

**Taxi op N7
beroof
bl 2**

**Top's Meubels
word 30
bl 6 - 8**

**La'Mar
op wenpad
bl 12**

Weervoorspelling vir die week

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 20/11 16°/38°	Vry. 21/11 18°/41°	Sat. 22/11 15°/31°	Son. 23/11 15°/28°
Ma. 24/11 16°/34°	Di. 25/11 20°/37°	Wo. 26/11 12°/36°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 19 Nov. 2025



NEEM KENNIS

Alle drukwerk bestellings moet geplaas word voor
3 Desember 2025 om dit voor 17 Desember te ontvang.
Ons kantore sluit
18 Desember en open 12 Januarie 2026.

**PROTEA
DRUKKERY**

Centralstraat 8, Vredendal, Tel: 027 213 2074
info.onskontrei1@gmail.com of ads2.onskontrei@gmail.com

AKTUELE NUUS

Taxi op die N7 beroof

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: 'n Taxibestuurder van Mangaung in Vredendal-Noord het 'n saak van Roof (Case 8.1.1.1 18/18) by Clanwilliam SAPD gemaak nadat hy in 'n lokval op die N7 gelei is. Die voorval het sowat 3 km buite die dorp gebeur. Hy was met passasiers op pad van Vredendal na Kaapstad toe hy deur 'n tweede bestuurder gevra is om 'n kliënt wat 'n sitplek geboek het naby Clanwilliam op te laai. Toe hy by die bestemde oplaai-punt opdaag, het daar 3 onbekende mans gestaan wat gelyk het asof hulle vir 'n geleentheid wag. Hy het by die mans gestop en al drie mans het na die bestuurderskant gekom. Hy het sy venster afgedraai. Een van die

mans het 'n vuurwapen op hom gerig terwyl 'n ander een die deur oopgemaak het vir hom om uit te klim. 'n Derde man het die passasiersdeur oopgemaak en geld en selfone van die passasiers geëis. Volgens die bestuurder is hy onder die taxi gehou totdat die man alles geneem het waarop hy sy hande kon lê. Volgens een van die passasiers het die mans daarna in 'n swart Honda Fiat geklim en weggery. Een passasier is met 'n messteek na die Clanwilliam Hospitaal geneem. Die geskatte waarde van die items wat hulle geroof het is R20 000. Die SAPD ondersoek 'n saak van Roof met 'n Vuurwapen.



Die soekgeselskap saam met die egpaar en hulle vriend met die Wolfberg-skeure in die agtergrond.

Aanrander kry sy verdiende loon

Berig: Ajudant-offisier Jannie Louw

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: 'n Dame van die plaas Zeekoeivlei het op 19 Februarie 2024 omstreeks 18:40 by Clanwilliam Hospitaal opgedaag met haar 3-jarige dogter. Die dokter aan diens het die kind ondersoek en volgens die ma het die kind op haar kop geval terwyl in die sorg van die ma se mansvriend. Die dokter het haar ondersoek en baie vinnig vasgestel dat alles nie pluis is nie. Die dokter se bevindings was dat die dogtertjie erg mishandel word en onder andere die spesifieke dag vir 'n geruime tyd haar bewussyn verloor het. Die ma het onder andere beken dat die vriend haar kind geslaan het op vorige geleenthede. Die kind se liggaam het getuig van vele aanrandings en onder andere brandwonde deur sigarette. Die dokter het die erns van die beserings assesseer en die kind onmiddellik oorgeplaas na Tygerberg Hospitaal waar sy geopereer is vir skedelbreuk en bloeding op die brein. Die dokter het die SAPD gekontak en 'n kriminele saak is geopen vir verdere ondersoek. **Adjutant-offisier Theo Maarman (foto regs)** van Vredendal se Gesins-, Kinder- en Seksuele Oortredings Ondersoekeenheid is aangestel as die ondersoekbeampte. Getrou aan sy aard het hy geen steen onaangeraak gelaat in die soeke na die waarheid nie. Op 13 Maart 2024 is 'n 26-jarige man gearrester op aanklagte van Posing

tot Moord en Kinderverwaarloos. Die hofproses het hierna begin. Op 14 November vanjaar is die man skuldig bevind in die streekshof te Clanwilliam op alle aanklagte teen hom. Die agbare hof het hom dan ook gevonnis tot 25 jaar direkte gevangenisstraf. Graag word die hele vervolgingspan betrokke en adjudant-offisier Maarman bedank vir hulle werk en vasberadenheid om die weerloses van die gemeenskap op hierdie manier te beskerm. Die jeugdige slagoffer het intussen herstel van haar beserings en kan 'n normale lewe geniet.



Vermiste stapper ongedeed gevind

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CEDERBERG: Drie gaste, 'n egpaar en hul vriend, wat op Sanddrif oornag het, het Dinsdag, 11 November na die Wolfberg-skeure en-boog gestap. Die egpaar en hul vriend het ongeveer 04:30 begin stap omdat dit ver na die skeure is en meeste stapers vroeg begin om die ergste middagson te vermy. Volgens die vrou en hul vriend het hulle tot by die Wolfbergskeure gestap. Die plan was om ook na die Boog te stap, maar die twee was te moeg en het besluit om daar vir haar sewe en sestigjarige man te wag wat alleen verder gestap het. Nadat hulle ongeveer 2 ure gewag het en dit reeds ongeveer 13:00 was, het hulle be-

sluit om terug te keer plaas toe. Hulle het hom by Dwarsrivier as vermis aangemeld. Die namiddag het Clanwilliam EMS 'n oproep van Cederberg Soek en Redding ontvang oor 'n persoon wat in die berge vermis word. Die EMS het met die reddingsbakkie na die plaas vertrek om by die Soek en Reddingspan en CapeNature aan te sluit. Die groep en van die plaas se mense het na die vermiste man begin soek. Om 17:00 het hulle iemand in die veld opgemerk wat daar rondgedwaal het. Dit was die dame se vermiste man. Hy was gelukkig ongedeed. Hy het net gekla dat hy moeg en dors was. Die groep het hom terug na die plaas vergesel.

Agt en twintigjarige vermoor

Berig: Ajudant-offisier Jannie Louw

VREDENDAL: Vredendal SAPD is op Saterdag 15 November omstreeks 21:15 na Vredendal Hospitaal ontbied. By die hospitaal het personeel aan die SAPD-lede die liggaam van 'n 28-jarige man van Mangaung in Vredendal-Noord uitgewys. Hy het 'n enkele noodlottige steekwond aan sy nek gehad. Volgens die hospitaal het sy familie hom met 'n privaat voertuig na die hospitaal vervoer. Speurder-sersant Tsbilyo het op daardie stadium die ondersoek oorgeneem. Op Maandag, 17 November het Tsbilyo

'n 46-jarige verdagte in hegtenis geneem op aanklagte van Moord. Die verdagte het intussen besluit om 'n volledige skuldbekentenis af te lê. Na bewering het die oorledene deelgeneem aan 'n tradisionele inisiëring seremonie. Na afloop van die seremonie en terug by sy woning was daar 'n geskil, waarna die moord plaasgevind het. Die verdagte het Dinsdag, 18 November in die plaaslike landdroshof op aanklag van Moord verskyn.

Stuur 2026 kalenderdatums na info.onskontrei1@gmail.com

Strandfontein Kersmark
Munisipale saal
5 - 20 DESEMBER 2025

Vry, 5de: 09:00 - 18:00
Sat, 6de: 09:00 - 18:00
Sondae: Geen mark

Ma, 8ste - Don, 11de
09:00 - 18:00

Vry, 12 Des (AANDMARK) 09:00 - 20:00
Sat, 13 Des: 08:00 - 15:00
BASAAR

Ma, 15 Des - Vry, 19 Des
09:00 - 18:00
Sat, 20 Des: 09:00 - 14:00

Navrae:
082 882 6434

Mooi-goed
Fruis-goed
Ket-goed
Speel-goed
Flou-goed

Koffiewinkel met ligte etes daaglik Kaartfasiliteite

Teater Oppiduin
Lambertsbaai
17 Desember 2025
Bacchas tot Bekker
Regie: Tobie Cronje
Amorè Bekker

Plek: Grootvlei Gasteplaas Oppiduin
"Harvest Table" ingesluit
Kontant kroeg

Kaartjies R260.00 pp
www.quicket.co.za
Hetta Saunderson 0829203444

FAMILY FUN COUNTRY FAIR
ELANDS BAY

WE ARE HOSTING THE BIGGEST FAMILY FUN FAIR THIS DECEMBER AND WE ARE LOOKING FOR VENDORS, ARTISTS AND ENTERTAINERS TO BRING FUN, FRIENDSHIP AND FAMILY TO THE SANDVELD!

BE PART OF BRINGING LIFE TO OUR COMMUNITY.

SATURDAY
DECEMBER 06
STARTING 10:00 TILL LATE

VENSTERKLIP Village

FOR MORE INFORMATION 068 883 8189

NICHOLIS LOUW
live @

MBC MASKAM
BREWING COMPANY

12 DESEMBER
20:00
R90.00 p.p

Kontak 082 501 3895 vir meer inligting

Twée vriende verdrink

Berig: Mariaan Smuts

Foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Die gemeenskap be-treur die dood van twee jong mans wat Sondag, 16 November in die dam by die mangoplaas Tamarak verdrink het. Drie van die groepie vriende het met 'n bootjie gaan roei. Devon Filander het voor gesit en geroei. Neo Mdlalo was in die middel en Jacques Beukes het agter gesit. Die bootjie het water ingeneem en die agterkant het begin wegsink in die water. Beukes was reeds in die water. Filander en Mdlalo het weerskante van die bootjie vasgehou. Vriende wat op die wal ge-staan het, het die geroep gehoor en ge-sien hulle is in die moeilikheid. 'n Vriend het na 'n gastehuis gery en daar 'n bootjie gekry waarmee hy na hulle geroei het. Toe hy by hulle kom was Filander en Mdlalo reeds onder die water. Hy kon Beukes wat in die water rondgespartel het, kant toe help. Hy is terug om na die ander twee te soek, maar kon hul nie op-spoor nie.

Sondag het die SAPD van Clanwilliam om 15:05 'n klagte ontvang van 'n moontlike verdrinking. Die Wes-Kaap Duikeenheid is gekontak en 4 duikers het laatmiddag na die twee mans begin soek. 'n Soek en Reddingshond met sy hanteerder was ook Maandag op die toneel, maar die wind het sterk opgekom en die hond kon nie ingespan word om met die soektog te help nie. Die soektog is omstreeks 18:00 afgelas.

Dinsdag het die span weer die soektog voortgesit. Nog 6 duikers van die Kaap en die bevelvoerder van die Wes-Kaap duikers het kom help met die soektog. Jacques Ludick van Clanwilliam SAPD, ook 'n duiker het by die span aangesluit. Die liggame van die twee mans is om 11:22 opgespoor.

Die Soek en Reddingshond was saam

met sy hanteerder op 'n bootjie. Die hond reageer om lugblasies wat na die oppervlak kom en sodoende kan sy hanteerder vir die duikers wys in watter rigting om te soek. Die liggame is naby die plek wat die getuies aangewys het gevind, sowat 55 m van die kant af. Die twee oorledenes is ongeveer 10 m van mekaar gevind.

Beukes is in die hospitaal opgeneem waar hy aansterk. Die liggame van die oorledenes is deur Forensies na Vredendal geneem vir nadoodse ondersoeke.

Neo Nelson Mdlalo het in Mei 2025 by die munisipaliteit aangesluit as vredesbe-ampte vir die wetstoepassers nadat hy sy opleiding in April die jaar voltooi het. Volgens die munisipaliteit was hy entoesiasties en toegewyd aan sy rol. "Sy kort diens sal onthou word deur almal wat die kans gehad het om saam met hom te werk. Mag die herinneringe aan Neo se gees en bydraes vertroosting en krag bring", sê die plasing op die munisipaliteit se sosiale mediablad. Hy het in Junie 20 geword.

Sy vriend, Devon alias Dev Filander, sou op 1 Januarie 2026 sy twintigste verjaardag vier. Hy het vir Essex Krieketklub se 1ste span gespeel. Essex se bestuur en spelers sê: "Ons harte is verskriklik seer oor die heengaan van ons geliefde spanmaat, vriend en broer. Ons gebede vergesel sy gesin en familie in hierdie tyd van rou. Ons gebede is dat God vertroosting sal bring." Devon was 'n belowende krieketspeler en Clanwilliam en die hele Boland verloor groot. Ook Vineyards Krieketklub van Vredendal het hul simpatie met sy heengaan betuig.

Speuder-adjutant-offisier Abé Koopman was van die begin die ondersoekbeampte in die voorval.



Die bakkie wat in die ongeluk betrokke was.

Agt beseer in taxi-ongeluk

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

LUTZVILLE: 'n Plaaslike Toyota Quantum taxi met 'n sleepwa en 'n wit Toyota enkelkajuit GD-6 was Vrydag, 14 November net na 07:00 in 'n ongeluk betrokke.

Lutzville SAPD het bevestig dat die taxi met passasiers op die R363 in die rigting van Vredendal onderweg was. By die kruising by Up to Date Tomatoes het die Toyota vanaf die linkerkantse stop die pad oorgesteek en die taxi getref.

Kaptein Lena van der Westhuizen sê die taxi het gerol en langs die padoppervlakte tot stilstand gekom. Die sleepwa het ook in die proses van die taxi afgehaak en die as

het afgebreek.

Met die nooddienste se aankoms het drie persone buite die taxi gelê en vier was nog in die taxi. Twee passasiers moes met lewenskake bevry word. Die twee bestuurders van die voertuie het op die toneel rondgehoop. In totaal is agt pasiënte na Vredendal Hospitaal vervoer, vyf van hulle is ernstig beseer. Twee pasiënte is later die dag na Kaapse hospitale oorge-plaas.

Van der Westhuizen sê 'n saak van Roekelose en Nalatige bestuur word onder-soek.

Twée persone sterf in brand

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

VREDENDAL: Twee persone het Sondag, 15 November gesterf na 'n brand. EMS en die SAPD het 'n oproep ontvang van 'n moontlike huisbrand op Vleituin in die Spruitdriif-area.

Die dogter van die egpaar het die oggend by die huis gekom en gesien dat die vensters van die huis pikswart is. Sy het een venster oopforseer en 'n liggaam gesien in die badkamer.


Teen die tyd wat noodpersoneel op die toneel arriveer het, het die bure al die deur

oopgebreek. Met verdere ondersoek is daar gevind dat die man by die deur lê. Dis 'n moontlike teken dat hy probeer vlug het. Hy het as gevolg van rookinaseming gesterf. Hy het geen brandwonde gehad nie. In die kamer het albei matrasse ge-brand. Die vrou het veelvuldige brandwonde opgedoen. Sy moes iewers tydens die brand wakker geskrik het. Haar liggaam is in die badkamer gevind.

Die oorsaak van die brand word steeds ondersoek.



Die huis waarin die egpaar gesterf het.



Devon Filander.



Neo Nelson Mdlalo .

Kersfeesbasaar
Saterdag 22 November
NG Kerk Leipoldtville
om 15:00

Program:
15:00 - 16:30 - Basaar
16:30 - 17:30 - Opveel
17:30 - 19:00 - Kersliedere en Kersgeskenke

Heerlike pannekoek, kerrie & rys,
basaar poeding, lekkerste braaivleis en wors ens.
Daar sal braai bakke te koop aangebied word.

Sien u by die Kersboom vir ons laaste saam
kuier as gemeente vir 2025!

Matzi Music Festival

LIVE MUSIC • CAB SHOW • FOOD

MUSIC BY:
TEMPLE BOYS, TWIN SPINZ AND MORE
NITCH SPRINGBOKS VS WILES ON
BIG SCREEN

FRIDAY 8 | 28 0 20 | KATIE PRO
SATURDAY | NOVEMBER | PRESENTS THE
2025

VREDENDAL NORTH SPORTS GROUNDS

CONTACT NUMBER: 067 732 7665

NGK GRAAFWATER BASAAR

KERKSAAL
10:00 - 13:00

29 NOV 2025

- Braaivleis & slaai (wegneem)
- Verpakte rou vleis
- Kraakvars groente en vrugte
- Vars gebak: brood, beskuit, koekies, koeke en terte
- Jaffels & vetkoek
- Pannekoek - BRING EIE HOUSERS
- Heerlike poeding
- Koffie / tee met 'n muffin
- Yskoue koeldrank

MOENIE MISLOOP NIE:

- Wit Olifant tafel
- Kindertafel vol bederfies en speletjies
- LOOTJIES!
- DIE VEILING!

Vir meer inligting:
Kontak die Skriba
084 806 7821
ngkgraaf@gmail.com

Kieries, Kolo & Klets

Sederhof Residensiële Fasiliteit vir Ouer Persone

SAT, 29 NOV 2025 VANAF 10:30
Braaivleis-kuier-geleentheid
@ R150PP
Eie koelbaks welkom

Kom geniet 'n heerlike middag van kuier en klets saam met die hierie-brigade! Bespreek jou ete en sluit aan by die inwoners vir gesellige geselsies oor toeka en nou — op die koop toe gratis advies en baie lag daarby. Ons vier die jaar se seëninge en is opreg dankbaar vir alles wat ons het.

Spyshaar:
Shaaptjops, wors, roosterkoek, 'n verskeidenheid slaai, groente en poeding!
Navrae: 027 482 2151 'n **MOET saamkuier!**

BEPERKTE KAARTJIES BESKIKBAAR KOOP NOU!

Kaartjies: 082 881 2459 of 067 088 6969

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

LEIPOLDTVILLE:
NG Kerk Basaar
22 November om 15:00

Kerssangdiens
23 November om 19:00
NG Kerk Leipoldville

CLANWILLIAM:
NG Kerk Kersmark
26 tot 28 November
Kerksaal
Besprekings: 027 482 1231

LAMBERTSBAAI:
VGKSA Basaar naweek
28 tot 29 November
VGK Lambertsbaai
Navrae: 078 724 7561

VREDENDAL:
Radio Namakwaland Straatete
Saterdag, 29 November
18:30 vir 19:00
NG Kerk Vredendal parkeerterrein

GRAAFWATER:
NG Kerk Basaar
29 November
10:00 - 13:00
NG Kerksaal

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Bely u sonde in verwagting op God se barmhartigheid

Daniël 9:18 - "Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smeking voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid." (Afrikaanse Vertaling 1953)

Daniël is reeds 'n ou man en Darius, 'n Mediër, is as nuwe koning oor die Galdese ryk aangestel. Dit is reeds 69 jaar ná die begin van die ballingskap en uit die Skrif ken Daniël die belofte van God dat Israel ná 70 jaar sal terugkeer na Jerusalem. Grondige Bybelstudie dwing die gelowige tot gebed en verootmoediging voor die

heilige, liefdevolle God. Daniël weet dat skuld wat nie bely word nie, die vervulling van God se beloftes terughou. Hy vas, trek rouklere aan, gooi as oor sy kop en bid ten spyte van lewensgevaar (die ervaring in die leeukuil het in dieselfde jaar plaasgevind).

Ware skuldbelydenis vestig die aandag op dit wat jy gedoen het, erkenning dat God regmatig gestraf het, erkenning van jou sondige aard en geneigdheid om nie na die Woord (profete) te luister nie. Daniël aanvaar ook verantwoordelikheid vir die sonde van die verbondsvolk en sluit hom by hulle in. Hy is nie besig met die sonde van die onderdrukker nie, maar met sy eie en dié

van die volk.

Hy pleit op grond van God se genade en barmhartigheid en vra uitkoms ter wille van sy Naam op grond van sy beloftes en dade in die geskiedenis. Opregte skuldbelydenis ontsluit die barmhartigheid van God en Hy stuur Gabriël om die volkome verlossing op God se tyd te bevestig, ten spyte van lyding en swaar wat nog gaan kom. Dit is vervul in die menswording van Jesus Christus. In Hom sien ons die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Doktor Sarel van der Merwe

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Ongelukkige wettige burger van Vredendal

Hiermee rig ek 'n skrywe rakende duidelike onregmatige en onbillike behandeling aan Matzikama inwoners deur ons eie munisipaliteit.

Inwoners word regtig soos vloerlappe behandel deur ons eie gemeenskapleiers waarvoor ons moet stem. Die buitelanders het duidelik meer regte as ons en toon disrespek aan ons.

Die geleenthede wat hulle kry om besig hede te begin, is 'n groot kommer in ons gemeenskap en dit is duidelik dat daar ongerymdhede betrokke is deur Matzikama om hulle te bevoordeel. Definitief. Is daar dalk iets betrokke wat ons burgers nie kan bekostig nie?

Die daaglikse diefstal wat hulle pleeg om ons mense ekstra te vra vir kaarttransaksies is 'n kriminele oortreding en die

raadslede doen absoluut niks daaraan, nog minder die wetstoepassers.

Hoekom is hulle verheve bo die wet?

Bouinspekteurs is net daar om ons eie mense te benadeel en geld uit die sak te jaag, maar kyk hoe bou die buitelanders. Hoe regverdig jy dit?

Daar in die nuwe uitbreiding is 'n groot blou gebou wat besit word deur 'n buitelanders wat steeds inwoners vrae laat vra, maar geen antwoorde kan gekry word nie. Hoe is dit goedgekeur? Sonder dat dit geadverteer is en met toestemming van die gemeenskap? Ons eie jongmense het soveel besigheidsplanne, maar ons kan nie gehelp word nie. Hulle gaan net vorentoe, dit is diep onregverdig.

Ons gemeenskap en pensionarisse word verkrag deur swaarkry en wat doen die

buitelanders vir die gemeenskap? Niks, absoluut niks. Hulle melk net elke mens met die ekstra transaksies sonder toestemming. Dit is tyd dat ons as gemeenskap saamstaan en die dinge aanspreek, ons kan nie meer nie.

Die munisipaliteit moet vir ons antwoorde gee, ons soek alle wyke se raadslede om vir ons antwoorde te gee, ons is moeg gesukkel of is ons net goed wanneer daar gestem moet word?

Die resultate is duidelik sigbaar van dwelmmisbruik as gevolg van die tipe optrede. Dat ons geen besigheidsgeleenthede gebied word nie en die munisipaliteit en ons eie mense moet die blaam dra.

Ek hoop van harte dat ons 'n antwoord kan kry, ten minste van die raadslede.

Ongelukkige boorling van Vredendal

Die munisipaliteit het fokus verloor

Graag wil ek reageer op 'n brief in Ons Kontrei gedateer, 6 November. Die skrywer spreek sy ontevredenheid uit rakende die agteruitgang van ons dorp. Na aanleiding dit wil ek dan aan Matzikama Munisipaliteit die volgende aanbeveel:

1. Moet asseblief nie gebruik maak van die goedkoopste tender nie, dit gee aanleiding tot swak infrastruktuur.
2. 'n Gedeelte van Voortrekker- en Kerkstraat se ryoppervlakte is so bietjie meer as 'n maand gelede geteer. Kort daarna meld raadslid van wyk 5 dat herstelwerk gedoen gaan word op genoemde oppervlakte. Die wityne op die pad oppervlakte het binne paar minute verbleik. So aanduiding is dat kontrakteur goedkoop verf gebruik het.
3. Kyk na Vredendal se ingange, veral dan die pad vanaf die spoorlyn oor die brug tot by polisiestasie. Waarom is die beskadige brugrelings nooit vervang nie. Dis 'n seeroog as jy die dorp binne-ry. Terloops, die brugrelings vanaf Woelige Hoek benodig dringende opgradering deur ten minste 'n laag verf.
4. Stel toesighouding van uitnemendheid in.
5. Dit wil voorkom asof die munisipale bestuurder en direkteure heeldag in hul kantore sit.

5. Stel amptenare op vlakke aan wat:

- 5.1 Oor kundigheid beskik
- 5.2 Stel op meriete aan
- 5.3 Die munisipale bestuurder en direkteure moet nie die streek uit hul kantore bestuur nie.

6. Maak parkering langs paaie in dorp meer gebruikersvriendelik. Baie parkeerareas is nie gemerk nie, so motoriste parkeer, soos Tolla sou sê: "Parkeer soos die hond se gat."

7. Verf die ryoppervlakte na Build It. Daar is vir so 100 meter geen wit strepe.

8. Die opgradering van strate in dorpe binne Matzikama kan nie net in die RDP vasgevang wees nie. Gee uitvoering.

9. Verf speedwalle. Baie van hulle is nie sigbaar.

10. Maak stiptelikheid die leuse van die munisipaliteit. Baie amptenare glip nog lank na 8:00 in by hek.

Wil voorkom of amptenare wie die verantwoordelikheid het net belangstel in die enorme salarisse wat hulle ontvang.

Munisipale bestuurder verpas die belangrike komponent van bestuur naamlik, BEHEER.

Dit is nie 'n geheim dat dorpe binne die munisipaliteit agteruitgegaan het nie. Wat 'n groot verleentheid is dit vir die DA, wat roem op dienslewering van

gehalte.

Laastens vergeet van verskoning dat daar nie geld is nie. Begin om wit olifant-poste uit te faseer. Daar is baie, maar die munisipaliteit sal dit ontken.

Maak dorpe binne Matzikama weer dorpe waarop belastingbetalers trots kan wees.

Bekommerde Belastingbetaler

Mannekoor besoek tehuis

Die Nuwe Apostoliese Kerk se mannekoor met 95 lede het onlangs Vredendal Tuis vir Bejaardes besoek.

Julius Jacobs, was daar om 'n ogie te hou. Die mans, jonk en bietjie ouer, sing uit volle bors en met totale oorgawe. Bas, bariton en tenoor, dit was 'n besondere voorreg om na hulle te luister.

Hulle sing geestelike liedere met 'n stewige koorboek in die hand. Watter beter manier is daar om die Here so met oorgawe te loof en prys. Daar was enkele solo uitvoerings, soos onder andere Ruben Josephs met sy klankhelder tenoorstem. Grant George was die koorleier wat die sang gelei het. Ons was bevoorreg om na hulle te kon luister en wens hulle alle voorspoed op hul pad verder.

Julene Stephan

Black

FRIDAY

WEEKEND SUPER SALE

HURRY WHILE STOCKS LAST!

28 - 30 NOV 2025

EST. 1994

TRADERS

WAREHOUSE



MENS PLAIN PEAK CAPS
29.99

MENS GOLFER
69.99

MENS ASSTD SELECTED JEANS
149.99

MENS THONG SANDALS
34.99



LADIES ASSTD SUNGLASSES
29.99

LADIES PTD TEE FROM
19.99

LADIES LINEN SHORTS
69.99

LADIES ASSTD 2 BAR SANDALS FROM
39.99



MENS PLAIN VESTS
29.99

MENS SWIM SHORTS
49.99

MENS ASSTD FLIP FLOPS
19.99



LADIES PTD DRESS
29.99

LADIES ASSTD FLIP FLOPS
17.99

HOT DEAL:
LADIES ASSTD JEANS
TAKE 2 FOR
R120

PLENTY MORE BLACK FRIDAY SPECIALS IN STORE!



BOYS ASSTD TEES
24.99

BOYS MF SHORTS
39.99

KIDS ASSTD FLIP FLOPS
17.99



GIRLS WEAVE HATS
24.99

GIRLS 2PIECE SET
39.99

KIDS ASSTD FLIP FLOPS
17.99



PRE-BOYS GATSBY CAP
24.99

PRE-BOYS PTD TEE
19.99

PRE-BOYS ASSTD JEANS
49.99



TODD GIRLS PTD TEES
19.99

TODD GIRLS ASSTD SHORTS
14.99

PayJustNow

sassa  Find us on facebook

EST. 1994

TRADERS

WAREHOUSE

AVONWOOD	021 931 1450	GOLDEN ACRE	021 418 3439	PAARL	021 872 0712	WORCESTER	023 342 4754
BAYSIDE MALL	021 522 9779	GRABOUW	021 859 3811	PAROW CENTRE	021 911 3484	WORCESTER-DURBAN RD	023 346 4681
BEAUFORT WEST	023 415 1060	KENILWORTH CENTRE	021 671 0435	PROMENADE	021 376 3719	WATERGATE	021 388 0242
BELLVILLE	021 949 7639	KRAAIFONTEIN	021 987 0291	RIVERSDALE	028 713 1519	WYNBERG	021 761 4911
CERES	023 313 1011	MALMESBURY	021 487 2532	ROBERTSON	023 626 1011	HEAD OFFICE	021 447 4725
CLAREMONT	021 671 1625	N1 CITY	021 595 1557	SOMERSET WEST	021 851 5381		
EERSTE RIVER	021 902 0209	OUTDSHOORN	044 272 0572	VREDENBURG	022 715 3303		
GATESVILLE	021 637 2416			VREDENDAL	027 213 1079		

Top's Meubels vier 30 jaar in die bedryf

Berig: Verskaf

VREDENDAL: Innes Roux het op 15 Junie 1995 in 'n enkelmotorhuis, die meubelbesigheid begin by "Household Repairs" buite die dorp. In 1996 het Innes Roux en Gideon Gouws koppe byme-kaargesit en Top's Meubels begin soos almal dit vandag ken. Die perseel was daardie tyd in Kerkstraat, langs die ou "8 Till Late" winkel ge-wees. Die besigheid het vinnig gegroei, met die fokus op goeie diens, kwaliteit meubels en plaaslike indiensname. In-woners het die plaaslike besigheid baie goed ondersteun en dit het gelei tot nog Top's takke in Clanwilliam en Calvinia. Hierdie takke, nes hulle "moederbesi-gheid", is steeds sterk aan die gang met minstens drie werknemers in hul diens. So tien jaar later, het Gideon sy vlerke ge-sprei, om nuwe uitdagings aan te pak. Dit was om en by dieselfde tyd, wat Top's van perseel verander het, in 2005, en die besigheid is steeds by Vermeulen Sen-trum, in Voortrekkerstraat, Vredendal. Die 1ste April 2014 het Van Zyl Roux by die span aangesluit, om alles te leer wat sy pa Innes hom kon leer terwyl hy nog daar was. Dit was belangrik vir die

besigheid se voortbestaan, en dat dit sy plig bly nakom teenoor die gemeenskap, kliënte, en personeel. Soos Van Zyl sê: "My pa het altyd gesê, ek los vir jou heel eerste verantwoordelikheid agter, en dan eers al die res." Innes is op 3 Oktober 2023 oorlede, maar sy gees en dryfkrag sal altyd in die besigheid bly. Van Zyl sê "Ek is trots om in 'n tweede generasie be-sigheid te wees, en ons moet bou op wat ons het." Oor die jare, het vriendelikheid, goeie diens en eerlikheid daartoe aanleiding gegee dat Top's tot vandag toe 'n baie getroue kliëntebasis opgebou het. Hulle is ook baie gefokus om plaaslike besig-hede te ondersteun, sodoende die plaas-like ekonomie te laat groei, wat 'n toene-mende bydrae het tot werkskepping. Hulle goeie kliënte-basis is nie die enig-ste eienskap wat oor die jare opgebou is

nie, maar ook die goeie verhoudings met personeel. Van die personeel wat al baie jare by die besigheid werksaam is, is Fanie Ryk reeds 29 jaar en Hester Kok 28 jaar. Hulle en die ander personeel word bedank vir hul daaglikse bydrae wat lei tot die besigheid se sukses tot vandag toe. Van Zyl wil ook van die geleentheid gebruik maak om hul getroue verskaffers te bedank vir hulle flinke diens. Die ver-houdings wat jy bou is baie belangrik. Laastens, maar nie die minste, die getroue

kliënte wat hulle al baie jare ondersteun. Sonder ondersteuning sou geen sukses moontlik gewees het nie, sonder hulle kan Top's nie teruggee aan die gemeenskap nie. Top's is ook besig met "rebranding, "kom loer gerus in by enige van die takke . Daar is spesiale promosies, sodat almal kan deel in die 30ste bestaansjaar van die onderneming. Top's bestuur en personeel wens almal 'n geseënde feesseisoen toe! **Top's groete van Vredendal, Calvinia en Clanwilliam!**



Vredendal personeel: Mary-Jo Snel (boekhouers klerk), Elmarie van Wyk (administratiewe klerk), Nathan Ruiters (algemene winkelassistent), Hester Kok (takbestuurder), Van Zyl Roux (eienaar), Suna van der Westhuisen (verkoopsagent), Buddronesia Jones (kassier) en Fanie Ryk (aflewerings-beampte).

Top's Meubels personeel



Calvinia personeel: Celeste Alexander (kassier), Eldrick Wilschut (winkel-assistent) en Erna Koopman (takbestuurder).



Clanwilliam personeel: Sharon Burrows (kassier), Dontiano Keyer (winkel-assistent) en Anna Goodheart (takbestuurder).

30th Anniversary

PROUDLY CELEBRATING YOUR THIRTIETH-YEAR BUSINESS LEGACY!

Vermeulen Sentrum, Voortrekker Rd, Vredendal, 8160 TEL: 027 213 2803

Gelukkige 30ste Verjaarsdag, Top's Meubels

Dit is 'n plesier om saam met julle te werk, en ons wou 'n oomblik neem om hierdie belangrike mylpaal te vier. Mag jul nuwe dekade selfs meer suksesvol en lonend wees as die voriges.



BIRTHDAY SALE

Tops Meubels "Comfort in Every detail"

NET 27 NOV 2025



CAPRIRI LEATHER COUCH
was R16,999
Nog net 1 oor



MORRIS DAY BED
was R9,500
Nog net 1 oor



HISENSE FRIDGE / 198 LTR
was R6,700
Nog net 3 oor



DIR THANDO FAB COUCH
was R6,700
Nog net 1 oor



WASHINGTON 2 SEATER
was R8,700
Nog net 1 oor



SAMSUNG CRYSTAL UHD\ SMART TV 70" + SOUNDBAR
was R15,299
Nog net 4 oor



RETRO CHAIR
was R7,100
Nog net 1 oor



MIDEA TOP LOADER 16KG
was R6,700
Nog net 1 oor



JVC HD QLED SMART TV / 32"
was R2,299
Nog net 4 oor



QUALITY BEDDING SINGLE / 91CM

COMBO COMFORT BED SET R2,999
SUPREME SUPPORT BED SET R2,999



QUALITY BEDDING DRIEKWART / 107 CM

COMBO COMFORT BED SET R3,199
SUPREME SUPPORT BED SET R4,199



QUALITY BEDDING DUBBEL / 137CM

COMBO COMFORT BED SET R3,699
SUPREME SUPPORT BED SET R4,599



QUALITY BEDDING DUBBEL / 137CM

MAKULU BED SET R4,099



QUALITY BEDDING QUEEN / 152CM

COMBO COMFORT BED SET R4,099
SUPREME SUPPORT BED SET R5,099



QUALITY BEDDING QUEEN / 152CM

Q-ALOE BED SET R5,999

Baie geluk aan Top's Meubels met die bereiking van hierdie opwindende mylpaal!

Om 30 te word is maar net die begin van 'n nuwe hoofstuk vol belofte en potensiaal.

Ons wens jou alle sterkte toe!

Gelukkige 30ste verjaarsdag Top's Meubels

Dankie vir julle vertroue en dat julle 'n gewaardeerde kliënt is. Mag julle nuwe dekade julle suksesvolste tot nog toe wees."

FOURCORNERS lounge

wens **Top's Meubels** 'n wonderlike **30ste verjaarsdag** toe! Mag hierdie mylpaaljaar julle volgehoue sukses en geluk bring. Dit is 'n plesier om saam met julle te werk, en ons sien uit na nog baie jare van samewerking en sukses saam.

Top's Meubels Vredendal

GELUKKIGE 30ste VEJAARSDAG!

Ons wens julle 'n fantastiese jaar toe, gevul met opwindende geleenthede, wonderlike herinneringe en volgehoue prestasies

Kwaliteit meubels by Top's beskikbaar



Top's FURNITURE
"Comfort in Every Detail"

BIRTHDAY SALE **NET 27 NOV 2025**

027 213 2803
Vermeulen Sentrum,
Voortrekkerstraat
Vredendal

adm@topsmeubels.co.za |
venzy@topsmeubels.co.za

Tops Meubels "Comfort in Every detail"

CLOUD NINE\QUEEN / 152 CM



CAMBEN BED SET R9,999



Verjaardagvieringe

27 November

POP!

- Pop n balloon
- Geskenktrekkings

**"Top's Meubels
beste wense met julle**

**30^{ste}
verjaarsdag.**

*Julle voortgesette
vennootskap
word baie waardeer."*

FOTAKIS
RUGS AND FLOORS



Top's FURNITURE
"Comfort in Every Detail"

Ons het ook 'n tak in Calvinia
Stiglingstraat 23
of kontak 027 341 2863
calv@topsmeubels.co.za



Top's FURNITURE
"Comfort in Every Detail"

Besoek ons gerus in
Clanwilliam Hoofweg 28A
of kontak 027 482 2308
clain@topsmeubels.co.za



DEFY

ART OF LIVING



**Graag wens ons vir
Top's Meubels
'n wonderlike 30ste verjaarsdag
toe. Dankie vir julle voortgesette
vertroue en vennootskap."**



Quality
Bedding

**Gelukkige
30ste verjaarsdag
Top's Meubels!**

Ons wens julle vreugde,
sukses en vervulling toe in
alles wat julle aanpak.

LEON'S HOUT MEUBELS

Graafwater, Tel: 079 636 5662

**Gelukkige
30ste verjaarsdag!**

Ek wens julle 'n
wonderlike dag
vol viering
en vreugde toe.
**Dankie vir jul
volgehoue
vertroue en
samesamewerking.**



**Indien jou besigheid
'n verjaarsdag promosie
wil doen. Kontak ons
kantoor 027 213 2074**



INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings



PASELLA ADS
WORD GRATIS
GEPLAAS
Geen handelaars.

Slegs 10 woorde per
advertensie word
toegelaat.
Advertensies mag
slegs 2 keer herhaal
word.

Vir die druk
en ontwerp
van boeke
kontak
ons gerus.



**PROTEA
DRUKKERY**
Sentraalstraat 8,
Vredendal
Tel: 027 213 2074
of stuur u
inligting na
info.onskontrei1.co.za

**SUPER
SMALLS**

Beskikbaar
teen
R900 + BTW
vir 4
plasings.
Spesiale
aanbod op
12 plasings.

MBD Begrafnisdienste
ONS GEE OM
Vredendal
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

**DE KLERK
MARLENE RONEL**
07/03/1986 – 12/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
22 November 2025 vanuit die huis te
Gousblomstraat 27, Vredendal – Noord om 07:00.
Kerkdien in die Rooms katolieke Kerk,
Vredendal om 08:30.
Teraardebesteding Vredendal-Suid.

**SAMPSON
KOOS ALBERTUS**
24/10/1966 – 14/11/2025
Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
22 November 2025, Kerkdien in die A.G.S Kerk,
Clanwilliam om 08:00.
Teraardebesteding, Vrede Oord Begraafplaas,
Clanwilliam.

**TITIES
GERTRUIDA**
07/07/1954 – 14/11/2025
Begrafnisdien vind plaas op Saterdag
22 November 2025 vanuit die huis te Barry's Hill
1720, Klawer om 09:00.
Teraardebesteding Engen Klawer Begraafplaas.

**VAN DEN HEEVER
LAETITIA**
27/06/1964 – 09/11/2025
Begrafnisdien: Saterdag 22 November 2025
om 10:00 in die NG Kerk Springbok.
Teraardebesteding op die plaas Krymekaar,
Springbok.

Clanwilliam Sakekamer jaareindfunksie

Berig: Mariaan Smuts

Foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Clanwilliam Sakekamer het dié jaar op 'n hoë noot by Bella-Louise Restaurant afgesluit en terselfdertyd die jaarlikse toekennings gemaak. Lede van die Sakekamer en gemeenskapsvertegenwoordigers het bymekaar gekom om die jaar se mylpale te vier en dankie te sê vir 'n seisoen vol groei en samewerking.

Dr Willie Cilliers van die AHI het hulde gebring aan die talle besighede wat die afgelope jaar volhoubaar bygedra het tot ekonomiese aktiwiteit, werkskepping en gemeenskapsontwikkeling in die streek. Cilliers het die sakelui bedank vir hul voortdurende ondersteuning en die positiewe impak wat samewerking in 'n kleiner dorpie kan maak.

Toekennings is vanjaar weer gemaak aan die SAPD. Speurder van die Jaar word toegeken aan speurder-adjutant-offisier Jannie Goeieman vir sy oplos-syfer van 89%. SAPD-lid van die Jaar word toegeken aan konstabel Denell Mouton vir haar uitnemende diens, spesifiek vir haar werk by die wapenlisensie-afdeling. Die Sakekamer Beker is toegeken aan die Clanwilliam Expo vir hul toegewyde betrokkenheid by die aanbieding en voortbestaan van die jaarlikse landboukou wat getuig van deursettingsvermoë, kreatiewe denke en 'n volgehoue strewe na vooruitgang. Marindi Saayman het die toekenning namens die komitee ontvang.

Die kategorie Onderneming van die Jaar het vanjaar 'n nuwe proses gevolg. Eerstens is lede versoek om 'n nominasie in te dien. Tweedens is 'n kortlys saamgestel. Derdens moes die publiek stem vir die top drie. Die 3 finaliste was Augsburg Kwekery, Die inkpot en Cederberg Vet.

Cederberg Vet het die 2025 titel verower en is aangewys as Onderneming van die Jaar. Die ander twee finaliste het sertifikate ontvang. Na afhandeling van

die toekennings in 'n veiling deur Mark Botha aangebied.

Ria Slabbert het al die borge en vennote, asook die ondernemings wat pryse en veilingsitems vir die aand beskikbaar gestel het hartlik bedank. Die opbrengs van die veiling sal aangewend word om

Clanwilliam Clean-up in hul skoonmaakprojekte te ondersteun.

Die Sakekamer sien uit daarna om in 2026 verdere groei te bevorder, nuwe projekte aan te pak en steeds 'n platform te skep waar sakeondernemings mekaar kan ondersteun, inspireer en versterk.



Sakekamer Beker: Krisjan Mouton, Maartin en Marindi Saayman, Ilse Lochner en dr Willie Cilliers.



SAPD: Jan Oosthuizen, konstabel Denell Mouton, speurder-kaptein Albertus Lewies, speurder-adjutant-offisier Jannie Goeieman, Mark Botha, Ria Slabbert en Heinrich Strassberger.

Lees Ons Kontrei
aanlyn by
www.onskontrei.co.za

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T30684/2000

passed by **THE MUNICIPALITY FOR THE AREA OF LUTZVILLE**

in favour of **MAANS BLOM**
Identity Number: 281009 5205 084

and **MARIA BLOM**
Identity Number: 420708 0429 084
Married in community of property to each other

In respect of certain **ERF 1019 LUTZVILLE, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VAN-RHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeek Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL on 14 AUGUST 2025

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstraat, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011



Onderneming van die Jaar: Brink Bosman, Sanel Lourens en Fred Booyens.

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Vredendal VLV sluit jaar af

Berig: Alta Wiese

Foto: Verskaf

VREDENDAL: Wat 'n ongelooflike voorreg om 'n geseënde jaar van VLV af te sluit saam met die lede. Lede wat mekaar ondersteun, bystaan deur dik en dun en soos familie voel.

'n Vrolike groep dames vat op Donderdag, 13 November die pad na Letsatsi Lodge in Vanrhynsdorp. Dankbaar vir die geleentheid om almal saam te kan ontspan en 'n heerlike buffetontbyt te gaan geniet.

As 'n groep is hulle hartlik ontvang en kon kies en keur tussen die heerlike disse. Elke dame is verras met 'n geskenkpakkie van die lodge, sowel as 'n pakkie van die VLV. Daar is heerlik geëet en gekuier.

By hierdie geleentheid het vier lede ook hul knopies ontvang. Sarlene Coetzee en

Olga Erasmus - 5 jaar, Arina van Lill - 25 jaar en Pat de Waal - 40 jaar. Vredendal VLV sê dankie aan hierdie lede vir hul getroue diens en bywoning. Julle help vorm 'n wenspan.

Die lede was ook bevoorreg om dames wat in November en Desember verjaar, geluk te wens en elkeen met 'n klein geskenkie te bederf. Karine Franken, Hester du Plessis, Arina van Lill, Helene van Zyl en Ria Visser is gelukgewens.

Die VLV bestuur wens hul lede 'n wonderlike feesseisoen toe.

Indien daar belangstellendes is wat graag 'n vergadering wil bywoon of deel wil word van hierdie dinamiese span, kan die voorsitter, Elmarie Fouché gekontak word by 082 799 5929.



Die dames van Vredendal VLV.

Nog 'n suksesvolle kursus voltooi

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Girl School Vredendal wat aangebied word deur Esré Ackermann en Roxanne Burger het weer 'n 15 weke Tween Kursus by Vredendal-Noord Primêr aangebied.

Negentien dogters het aan die kursus deelgeneem. Hulle het geleer; wat 'n dame is, hoe om goeie eerste indrukke te maak, ware skoonheid kom van binne, hoe om goeie vriendskappe te bou, belangrikheid van selfsorg, praktiese sessies vir gesig- en handesorg, sosiale etiket, hoe om grense te stel en dat God jou uniek gemaak het vir 'n rede.

Die sertifikaatseremonie het op 12 November by die skool plaasgevind, elke dogter het 'n sertifikaat ontvang.



Roxanne Burger en Esré Ackermann saam met die dogters.

Skaakster verteenwoordig Suid-Afrika

VANRHYNSDORP: Die jong skaakster Faith van Wyk van Vanrhynsdorp het van 9 tot 16 November Suid-Afrika verteenwoordig by die Statebond-Skaakkampioenskappe wat in Kuala Lumpur, Maleisië plaasgevind het.

Van Wyk, net 10 jaar oud, het in die onder-

10 meisiesafdeling aan die gesogte internasionale toernooi deelgeneem, waar jong spelers van meer as 40 lande meegeding het. Sy is 'n leerder van Maskam Primêr en 'n trotse lid van die PR Booyse Skaakklub.

Haar pad na hierdie toernooi het begin met uitstekende vertonings by plaaslike en provinsiale kampioenskappe, waar sy haar talent en vasberadenheid gewys het. Hierdie prestasies het haar uiteindelik 'n plek in die Suid-Afrikaanse jeugspan besorg.

"Faith het ongelooflik hard gewerk om hier te kom," sê Wesley Kotzee, haar afrigter. "Sy is 'n toegewyde speler wat altyd meer wil leer en verbeter."

In Maleisië het sy daaglik deelgeneem aan verskeie rondes teen talentvolle spelers van lede soos Indië, Bangladesh, en Singapoer.

Volgens haar ma, Stephanie van Wyk was dit 'n groot ervaring vir haar, nie net op kompetisievlak nie, maar ook kultureel.

Die plaaslike gemeenskap het saamgestaan om Van Wyk te ondersteun. Onderwysers, klublede en inwoners van Vanrhynsdorp het fondse en borgskappe ingesamel om haar deelname moontlik te maak. Volgens haar afrigter sukkel die teen egter steeds op

plaaslike vlak om groot en klein besighede te betrek.

Die kompetisie was straf en Van Wyk het gemengde welslae behaal.

"Of sy nou met 'n medalje huis toe kom of nie, Faith van Wyk het reeds geskiedenis gemaak deur haar dorp, skool en land met trots te verteenwoordig op die wêreld skaakverhoog," aldus Kotzee.



Faith van Wyk, 'n leerder van Maskam Primêr.



CEDERBERG
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

INVITATION TO TENDER

Tender documents, in English, are obtainable from Thursday, 20 November 2025, at the reception of Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, between 08:00 and 16:00 (Monday-Thursday) and Friday 08:00 -14:00 or from Melanie Arries at tel. no. 027 482 8000 or melaniek@cederberg.gov.za upon payment of a tender participation fee.

Payment of a non-refundable tender deposit of **R1101.00** (VAT inclusive) is applicable. The amount must be deposited into Cederberg Municipality's account at Standard Bank, Branch Code: 05-0106, Account No: 082 163 324. The reference number when doing payment is: **The relevant tender number – Company Name**. Proof of payment is necessary when collecting tender documents.

Fully completed tender documents, in a sealed envelope, must be placed in the **tender box situated at the Cederberg Municipality Main Building, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, by no later than 12:00, on Friday, 05 December 2025.**

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, and/or to re-advertise or reject any tender, or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the lowest or highest or any tender.

Please refer enquiries to Mr. J. Kotze on telephone number: 027 482 8000.

TENDER NUMBER: CED 11/2025-2026

APPOINTMENT OF A LABOUR-ONLY CONTRACTOR FOR ROADS PAVING WORKS IN LAMBERTS BAY AND CITRUSDAL

NOTICE NO: 342/2025

It is estimated that bidders should have a CIDB grading of 2CE or higher and should provide valid proof thereof. Bidders will have to be registered in the applicable class of registration.

TENDER NUMBER: CED 12/2025-2026

SUPPLY, DELIVERY AND INSTALLATION OF SECURITY FENCE TO LAMBERTS BAY GRAVEYARD

NOTICE NO: 343/2025

It is estimated that bidders should have a CIDB grading of 2SQ or higher and should provide valid proof thereof. Bidders will have to be registered in the applicable class of registration.

A compulsory tender clarification meeting will be held on Thursday, 27 November 2025 at 10h00 at the Council Chambers, Municipal Offices Lamberts Bay.

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

155365 www.ayandambango.co.za



Sandveld Kunsmiss Verspreiders het 'n vakature vir 'n

KODE 14 DRYWER

Die pos is vir 'n volwasse en verantwoordelike persoon met goeie menseverhoudinge wat vloeibare plantvoedsel vervoer vanaf YARA Malmesbury na produsente hoofsaaklik in die Sandveld en Boland areas.

VEREISTES:

- ◆ Geldige Kode 14 lisensie
- ◆ Geldige PrDP
- ◆ Bewys van geldige toepaslike Hazchem opleiding
- ◆ Sober gewoontes
- ◆ Toepas van netheid van voertuig en toebehore
- ◆ Aandag aan voertuig onderhoud behoeftes om herstelwerk betyds te kan uitvoer en tot minimum te kan beperk
- ◆ Bereid om soms verlengde ure te werk
- ◆ 3 Kontakbare verwysings

Indien u voldoen aan die vereistes en graag deel wil word van SKV se span, stuur CV, afskrif van lisensie, PrDP en Hazchem sertifikaat aan admin@skv.co.za

Sluitingsdatum vir aansoek: 28 November 2025.

Indien u geen terugvoer ontvang het teen 5 Desember 2025 nie, beskou u aansoek as onsuksesvol.

SKOLE NUUS

VNP prefekte

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL-NOORD: Vredendal-Noord Primêr het onlangs tydens die skool se jaarlikse prysuitdeling die prefekte vir 2026 aangekondig. Die hoofleiers is: Tayrica Beukes (hoofdogter), Alrick Kotella (hoofseun), Veronique Fortuin (onderhoofmeisie) en Teehnan Titus (onderhoofseun). Die prefekte is: Jia Holding, JD Cloete, Ava Lenee, Maro-Nisha van der Poll, Dylan Bakers, Jannica Tieties, Hybri Stevens, Sinaye Mayile, Veronique Fortuin, Marli Binca, Akeelah Beukes, Mikayle Gous, Mi-Kyra van Rhyne, Si-bongokuhle Makala, David Booyes, Devanté Cloete en Ané Matthee.



Vredendal-Noord Primêr se prefekte.

Eerste klasposisies aangewys

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Die leerders van die Inter-sen en Grondslagfase van Steilhoogte Primêr het op 22 en 23 Oktober hul Merietetoekenning ontvang en die volgende leerders is aangewys as eerste klasposisies in hul onderskeie

grade: Jivanta Philander (graad 1) Naehum Smit (graad 2) Lanché Stout (graad 3), Jade Ghall (graad 4), Jenico Brandt (graad 5), Kaylim-Leigh Beukes (graad 6) en Zay-Dean Ockhuis (graad 7).



Agter is Kaylim-Leigh Beukes, Jade Ghall, Jenico Brandt en Zay-Dean Ockhuis. Voor is Lanché Stout, Jivanta Philander en Naehum Smit.

Skaakspeler bly bedrywig

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Ezrah Avontuur (foto regs) (O/9), 'n Laerskool Vredendal leerder het op 8 November aan die Grand Challenge Skaaktoernooi deelgeneem. Sy het in die superliga-afdeling meegeding. Sy is as die wenner in die O/9-meisiesgroep gekroon. Van 13 tot 17 Desember sal Avontuur, die Wes-Kaap in Gqeberha verteenwoordig vir die Mzansi Interprovinciale Junior Skaakkampioenskappe. Haar ouers en familie is baie trots op haar, want sy sal ook op Saterdag 29 November aan die Kings and Queens in Worcester deelneem. Sy is op 5 November as Skaakdogter van die Jaar by die skool aangewys.



Rugbyspelers word uitgenooi

Berig: Cupido Swarts

VREDENDAL: Invincible Rugbyklub het op 18 November begin met voor-seisoense oefeninge. Dit sal dan op Dinsdae en Donderdae plaasvind tot 18 Desember. Die klub nooi graag oud, sowel as nuwe spelers om aan te meld vir fiksheidsoefeninge om 19:00. Verder bied die klub 'n Dankseggingdiens aan op Sondag, 23 November om 16:00 by Vredendal-Noord Sportgronde.

Soos die tyd aanloop sal die klub op 'n gereelde basis kommunikeer wat rugby aktiwiteite betref, veral met die oog op die 80ste bestaansjaar vieringe in Februarie. Indien 'n persoon wil deel word van die feeskomitee, kontak gerus Laetitia Martins- Pieters by 083 886 9166 of Cupido Swarts by 083 944 7082 of 063 99271277.

TRONOX

Tronox brightens people's lives. We are a diverse global workforce that is committed to safe and sustainable business practices that bring value to our shareholders, customers, and business partners. Tronox mines and processes titanium ore, zircon and other minerals, and manufactures titanium dioxide pigments that add brightness and durability to paints, plastics, paper, and other everyday products. We offer an attractive compensation and benefits package that includes competitive salary and incentives, and invest in our greatest assets by creating opportunities for growth and development in a diverse and supportive work environment.

TRONOX SCHOLARSHIP FOR 2025 LEARNERS IN GRADE 9 TO 11

In line with our commitment to supporting community development, we invite students to apply for our Scholarships for the 2026 academic year.

This scholarship is available to students currently in Grade 9, 10 or 11 who will be entering Grade 10, 11 and 12 in 2026. It is awarded to academically exceptional individuals who demonstrate financial need.

THE SCHOLARSHIP WILL PROVIDE COVER FOR THE FOLLOWING EXPENSES:

- Registration Fees
- School Fees
- Stationery
- Transportation
- School Uniform
- Technology (Required Technology such as Laptops)

WHAT YOU NEED TO QUALIFY:

- Should be in Grade 9, 10 or 11 in 2025
- 65% aggregate in your previous grade, and term 3 assessment for current grade
- 65% minimum for Mathematics in your previous grade, and term 3 assessment for current grade
- Physical Science will be advantageous
- Must have a strong academic record
- Maths literacy will not be considered
- Must be a South African Citizen
- Demonstrate financial need
- Residing in Saldanha and Matzikama Municipal Areas
- Must be attending school registered with the Basic Education and Training (BET).

NOTE:

- Applicants should comply with the requirements above. • These opportunities are only available to South African citizens. • Incomplete or late submission will not be considered.

HOW TO APPLY:

Applications can be done on Tronox recruitment site and below documents have to be submitted:

- Comprehensive curriculum vitae
- Previous grade final report and current grade term 3 report
- Certified copy of Unabridged Birth Certificate
- Both parents'/guardians' ID copies
- Proof of Residential address for Saldanha & Matzikama communities

Applications are to be completed by no later than 16:00 on the 02nd of December 2025. No other method of application will be considered. Applications received without the supporting documents will not be considered.

POPIA Disclaimer:

- By sending your CV and application you agree to:
- The processing of your personal information and sharing it with third parties for verifications.
 - The exercising of your rights provided for by POPIA.
 - To acknowledge that TRONOX (Pty) Ltd will keep the record of your personal information confidential.

Should you not hear from Tronox within four (4) weeks of the closing date of the advert, please consider your application as being unsuccessful.

Please note that appointments will be made in accordance with Tronox Employment Equity Policy.

Stempels

BESKIKBAAR by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

Tel: 027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

21 NOVEMBER 2025

Vanrhynsdorp parkrun/walk

5km stap of draf

Saterdag om 7:00

Letsatsi Lodge

Registreer by

www.parkrun.co.za/vanrhynsdorp

Rolbalkklub hou prysuitdeling

Berig en foto's: Verskaf

VREDENDAL: Vredendal Rolbalkklub het op 12 November tydens 'n glansgeleentheid hul jaarlikse prysuitdeling gehou. Na titaniese stryde deur die loop van die jaar, is die prysweners aangekondig. Gemengde Pare Weners - Annelien en Theunis van der Westhuizen, Dames Pare Kampioen - Annelien van der Westhuizen en Helma Smit, Mans Pare Kampioene - Alro van der Spuy en Theunis van der Westhuizen, Mans Enkel Kampioen - Theunis van der Westhuizen,

Mans Enkel Naaswenner - Fanie Loubser, Dames Enkel Kampioen - Annelien van der Westhuizen, Dames Enkel Naaswenner - Helma Smit, Mans en Dames Enkelkampioene Theunis en Annelien van der Westhuizen. Die jaar word op 'n hoogtepunt afgesluit en die baan sal gesluit wees tot 14 Januarie. Die uitvoerende bestuur nooi alle belangstellendes om die Algemene Jaarvergadering op 13 Januarie by te woon en aan te sluit by 'n groeiende klub.



Theunis en Annelien van der Westhuizen.



Helma Smit en Callie Louw (wedstrydsekretaris).



Fanie Loubser en Callie Louw.



Theunis van der Westhuizen, Alro van der Spuy en Callie Louw.

Nuutverkose hoërskole rugbyunie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Vernon Lombard, sportorganiseerder van Augsburg Landbouginnasium is gekies as deel van die Bo-

land Hoërskole Rugbyunie. Die Augsburg personeel wens hom baie geluk en sterkte toe met die nuwe uitdaging.



Die nuwe bestuur van Boland Hoërskole Rugbyunie; Inglis-Searle Benjamin (kassier), Cobus Louw, (ondervoorsitter), Francen September (voorsitter), Danver Olsen (lid van die uitvoerende bestuur) en Vernon Lombard (sekretaris).



Die plaaslike span van Netaneel Hesselman en Pieter Hull was in die 3de plek, hier saam met Christeline Hull en Pierre Olivier.

Parekompetisie enig in sy soort

Berig en foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Clanwilliam Rolbalkklub het die afgelope week hul laaste Ope kompetisie aangebied in die vorm van Cederberg Wynkelder Parekompetisie. Dit was die sewende jaar dat die Parekompetisie in dié borg se naam gehou is en die enigste van sy soort in die Weskusstreek. 'n Vol veld van veertien spanne met agt en twintig spelers vanaf klubs soos Old Oak in die Kaap, Langebaan, Velddrif, Vredendal en Lutzville, asook plaaslike spelers het teen mekaar meegeding. Vier rondes wedstryde is deur die dag gespeel en volgens die president van die klub, Pierre Olivier, was die hitte 'n groot uitdaging vir die spelers. Volgens die reëls is spelers op 'n stadium van die perk

afgeroep nadat die temperatuur hoër as 38 grade was. Desnieteenstaande is rolbal van goeie kwaliteit gespeel en was die spelers wat uiteindelik gewen het, waardige weners wat die beste kon aanpas. Pierre Olivier het sy dank uitgespreek teenoor die lojale borge van die kompetisie, die besoekende spelers wat Clanwilliamklub ondersteun en die nuwe komitee wat met ywer die dag georganiseer het. Al die spelers tot en met veertiende plek het 'n prys ontvang vanaf Cederberg Wynkelder. Die weners van die dag was 'n span vanaf Old Oak, met Lutzville in die 2de plek en Clanwilliam in die 3de plek.

La'Mar op 'n wenpad

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: La'Mar Krieketklub het Saterdag, 15 November teen St Helenabaai gespeel en die wedstryd met 58 lopies gewen. St Helenabaai het die loot gewen en besluit om eerste veldwerk te doen. Die aanvangskolwers van La'Mar het goed begin en 56 lopies om die eerste paaltjie aangeteken toe Luaan van der Heever sy paaltjie op 26 lopies verloor het. Paaltjies het daarna op gereelde maat geval. Met die telling op 91 vir 5 het José Alfred hom by die aanvangskolwer, Theo alias Drukkertjie Wessels Kamfer gevoeg. Die paar het die beurt van La'Mar weer op koers gebring en 115 lopies om die sesde paaltjie aangeteken. Alfred is met sy telling op 40 geboul. Theo Kamfer teken 258 lopies in sy toegelate 50 boulbeurte aan. St Helenabaai was vroeg in die moeilikheid toe hulle, hul eerste paaltjie op 19 verloor het. Stewige bydraes deur Malcom Cloete (46) en Randall Booysen (48) het egter die beurt op dreef gebring.

Die ander kolwers kon nie daarin slaag om goeie bydraes te lewer nie as gevolg van goeie boulwerk deur José Alfred (3/50), Jerome Bezuidenhout (3/50) en Paul Koopman (3/50). St Helenabaai word almal vir 200 lopies uitgehaal.



José Alfred en Theo Kamfer.

Stuur sportklub nuus na

edit.onskontrei1@gmail.com